

BYBELSTUDIE 7

GEVUL MET GOD SE GEES

Bybelteks vir Memorisering: Efesiërs 5:18

Naam: _____

Hoeveel keer het Christene al gesê: „Ek wil meer vir God doen, maar ek het nie die krag daartoe nie"? Daar is slegs een antwoord op hierdie probleem - die Christen moet meer van God se krag deur sy inwonende Gees hê. Dit is hoekom Paulus aan die Christene in sy tyd gesê het „Word met die Gees vervul" (Efesiërs 5:18)

1. Jesus het baie van sy tyd daaraan bestee om Sy dissipels aangaande die Heilige Gees te onderrig, en Johannes het heelwat van Sy leringe aangeteken.
 - a. Wie , het Jesus gesê, sal aan ons n oorvloedige ondervinding met God gee (soos „strome van lewende water")? (Johannes 7:38-39) _____
 - b. Wie sal ons onderrig? (Johannes 14:26) _____
 - c. Van wie getuig die Heilige Gees? (Johannes 15:26) _____

 - d. Op watter oomblik in die Christen se lewe werk die Heilige Gees die eerste keer? (Johannes 3:5) _____
2. Wanneer het die dissipels van Christus die nodige krag om te kan getuig, ontvang? (Handelinge 1:8) _____

3. Buiten Paulus se bevel in Efesiërs 5:18 hoe weet ons nog dat Christene met die Heilige Gees vervul moet word? (Handelinge 9:17) _____

4. Die dinge wat ons verhinder om n Geesvervulde lewe te lei, het in die kerk in Korinthe kop uitgesteek. Hulle het verkeerde gesindhede soos jaloesie en afguns geopenbaar, wat bewys het dat hulle nog _____
_____ was. (1 Korinthiërs 3:1-3).
5. Wat is die werk, wat die Heilige Gees doen, wanneer Hy al die hindernisse uit die weg ruim en ons rein en heilig en toegewyd aan God maak? (1 Petrus 1:2) _____

6. Wat het God met die onreinheid in die harte van die vroeë Christene gemaak toe Hy hulle met die Heilige Gees vervul het? (Handelinge 15:8-9) _____
7. Wat moet ons met sondige of onreine gesindhede doen? (2 Korinthiërs 7:1) _____

8. Hoe volledig wil God hê moet ons heiligmaking wees? (1 Thessalonicense 5:23) _____

9. Want die wet _____ het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood (Romeine 8:2).
10. Die verkeerde gesindheid van die Korinthiërs (1 Korinthiërs 3 : 1-3) het bewys dat hulle die vernaamste christelike karaktertrek nl. _____ nie het nie.
(1 Korinthiërs 13:13)
11. Ek kan die liefde van God ontvang deur (Romeine 5:5) _____

12. Hoe moet my verhouding met God wees nadat ek met die Heilige Gees vervul is (Romeine 8:4) _____

Die Christelike lewe wat met die Heilige Gees gevul is, is skoongemaak en besit krag. Hierdie lewe borrel oor en vloei uit na andere. Wil u graag met die Heilige Gees vervul wees? Hier volg vier maklike stappe:

- a. Vra God om die Heilige Gees in Sy volheid aan u te gee (Lukas 11:13)
- b. Gee u hele lewe aan God oor. (Romeine 13:1-2)
- c. Erken u behoefte aan innerlike reiniging (Handelinge 15 :8-9)
- d. Ontvang die Heilige Gees deur geloof (Handelinge 15:8-9. 1 Thessalonicense 5:23-24)

Moenie dronk word van wyn nie, - daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul (Efesiërs 5:18)